# DE HALTE

**– GROEN VINGERS NUUSBRIEF –**

Jaargang 2 Junie 2020 Uitgawe #8




*Ons nuwe projek – gedroogte kruie verpak in koevertjies*

## En so pas ons almal aan...

Kyk... wanneer dit kom by oorlewing is daar darem niks wat by die ou menslike siel kom nie. Die Dalai Lama het gesê: "No matter how bad or serious the situation might be, try and find compassion and seek the positive."

Konings, Heersers en Politisie soek al eeue na oplossings om die mensdom te verenig, maar helaas dit lyk of niks werk nie. As alles van jou weggeneem word, jou inkomste, jou werk, jou besigheid, jou blyplek... wat bly dan oor? Al wat jy oorhou is jou waardes, menslikheid en kultuur. Niks en niemand kan dit weg neem nie.

Dit is al wat jy het om op terug te val. Dit waarmee jy groot geword het, dit wat in jou gene ingeborge is.

Om dit op die proef te stel – kom daar 'n virus genaamd Covid–19 en vat alles weg, regoor die ganse wêreld. Hoe kan 'n mens positief bly? Waar is die "compassion" vra ons?

Ewe skielik binne twee maande maak die hele wêreld 'n ommekeer! Mense gee om vir mekaar. Mense help finansieël. Mense deel kospakkies uit. Mense verskaf klere en blyplek. Regerings werk saam. Die hele wereld is verenig deur 'n gesamentlike vyand en mense pas aan by omstandighede Ons werk van hulle huise af, ouers raak onderwysers en families spandeer weer tyd saam. Is dit nie positief nie?! Wie sou kon dink dat 'n virus, 'n onsigbare vyand, ons weer ons menswees sou terug laat keer.

Ons is trots om te kan sê dat hier by Botha's Halte Primêr het ons dié geleentheid van verandering en uitdaging goed aan gegryp!

Ons het vars groente aan verskeie liefdadigheids organisasies gelewer. Ons het Globale Verwarming beveg deur afval produkte wat deur die wurm plase verwerk is en omgesit is in vloeibare kunsmis aan SPAR te verkoop.

Ons nuutste projek is om ons kruie te droog en te verpak in koevertjies met ons eie embleem wat ons self ontwerp het.

Die hele tuin by Botha's Halte Primêr is nuut besaai en geplant vir die wintermaande wat voorlê.

Baie dankie aan almal wat 'n bydra gelewer het tydens hierdie onseker tye. Ons innige dank aan ons borg Bosjes Trust.



root-to-grow
SCHOOL VEGGIE GARDENS
together, making a difference

NON PROFIT CO. REG: K2011/125100/08

roottogrow.org.za












(7-14)
ERTJIE
GREEN FEAST






18/03
(7-14)
BONE (DWARF)
WINTER GREEN
(60)


24/2
(7-14)
KOMKOMMER
(65-70)


22/4
(7-14)
RAAP
(61-80)


18/03
(20)
SQUASH
GREEN HUBBARD
(90-120)